GREY KOLLEGE TENNIS- Daagreëls en Tennisbeleid

1. Spelers mag net op ‘n Donderdag tydens eerste pouse ‘n daag by mnr Mahabeer in B13 registreer. Wedstryde wat deur die skool gereël is kan op enige dag geregistreer word en kry voorkeur bo enige ander daagwedstryde.
2. Die hoeveelheid spelers wat betrokke gaan wees by uitspeelwedstryde voor sekere toernooie sal deur die skool bepaal word. Daagwedstryde kan ook enige tyd deur die skool gereël word.
3. Die persoon wat gedaag is moet die persoon wat hom gedaag het in kennis stel(via Whatsapp) en met mnr Mahabeer bevestig (via Whatsapp) wanneer die wedstryd plaasvind. Die resultate moet onmiddellik na ‘n wedstryd aan mnr Mahabeer via Whatsapp gegee word.
4. Daagwedstryde is die beste van 3 “tie-break”-stelle
5. Alle daagwedstryde moet voor die volgende Donderdag gespeel word anders verval daardie daag.
6. As ‘n speler nie opdaag vir ‘n daag nie of die daag kanselleer verloor hy sy plek en dan neem die dager die uitgedaagde speler se plek in.
7. Indien ‘n speler nie ‘n geregistreerde daag wil speel nie verloor hy sy plek aan die persoon wat hom daag.
8. Daagwedsryde moet plaasvind verkieslik op ‘n Dinsdag, Woensdag of gedurende naweke. Uitsonderings slegs met mnr Mahabeer se toestemming, sal gemaak word op ‘n Maandag en Donderdag.
9. Indien die uitgedaagde speler nie kan speel nie weens siekte ens, skuif hy horisontaal uit sy posisie uit en die dager neem sy posisie in. Indien die speler weer reg is mag hy “terugdaag” in sy ou posisie.
10. Indien spelers gekies word vir SA-spanne, skuif die speler tydelik ook” horisontaal” uit en almal skuif op. Hierdie speler kan terugskuif in dieselfde posisie waar hy was, sonder om ‘n daagwedstryd te speel.
11. Daar moet 2 weke verloop voordat ‘n dager weer dieselfde speler mag daag.
12. Indien ‘n speler die een week iemand daag, moet hy eers die volgende week hom vrystel om gedaag te word. Indien niemand hom daag nie, kan hy weer spelers bo hom daag. Daardie daag moet aan die einde van die eerste pouse op ‘n Donderdag geregistreer word.
13. ‘n Speler mag net een daagwedstryd per week speel.
14. Wanneer’n speler tydens enige toernooi ‘n ander speler wat hoër as hy op die ranglys is klop,(iemand wat hy nie in op die skoolranglys kon daag nie), kry hy die kans om dieselfde speler by die skool te daag.
15. Alle nuwe leerders asook gr.8 leerders se eerste daag word deur die afrigters bepaal. (Afrigters se diskresie sowel as die leerder se SA-loting word in ag geneem). Wanneer ‘n speler tydens die Grey-kampioenskap ‘n speler klop sal daardie wedstryd as ‘n daag tel (daagposies tel nie) en die wenner sal die speler se plek op die ranglys inneem.
16. Daagwedstryde voor inters en toernooie sluit 2 weke voor die inter of toernooi. Uitsonderings sal gemaak word indien die skool dit nodig vind.

17. Die nr. 7 speler (voor eerstespantoernooie en die O/15 toernooi) is die reserwe, en is gekies op sy “dubbelspel”-vermoë en volgens die diskresie van die afrigters. Die nr 7 speler op die skoolranglys is nie noodwendig die nr 7. speler vir daardie spesifieke toer nie.
18. Die skool sal nuwe balle voorsien vir daagwedstryde wat die skool reël. Die dager moet nuwe balle vir die daag voorsien
19. Greywedstryde kry voorkeur bo ander toernooie, behalwe toernooie waar die speler SA verteenwoordig. Indien spelers kies om ander toernooie te speel, verloor die speler 2 plekke op die leer.
20. Indien ‘n speler amptelike oefeninge mis sonder verskoning by mnr Mahabeer, skuif die speler 1 plek op die leer af.
21. ‘n Seun mag net in Grey-tennisklere speel tydens amptelike Grey-tenniswedstryde. Dit sluit in alle festivals,interskool en ligawedstryde.(Grey-tennisklere sluit in ‘n skoolsweetpak, Grey-tennishoed, Grey-tennishemp,Grey-tennisbroek en Grey-tenniskouse). Eerstespanspelers moet in die geborgde tennisklere speel wat deur die skool goedgekeur is.

1. Daagposisies
   - 1.1 Spelers laer as nr.25 mag enige speler tot nr.21 daag.
   - 1.2 Nr. 17 tot 25 mag 4 plekke bo hom daag.
   - 1.3 Nr 13 tot 16 mag tot nr 12 daag.
   - 1.4 Nr 8 tot 12 mag 2 plekke bo hom daag.
   - 1.5 Nr. 7 mag 1 plek bo hom daag.
   - 1.6 Nr. 3 tot nr.6 mag 2 plekke bo hom daag.
   - 1.7 Nr. 2 mag 1 plek bo hom daag.